

NG GEMEENTE LA ROCHELLE (BELLVILLE)

LERAAR: JEUGBEDIENING

In biddende afhanklikheid van die Here nooi die NG Gemeente La Rochelle gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid, om aansoek te doen vir die pos as jeugleraar.

La Rochelle is 'n voorstedelike makrogemeente van ongeveer 973 doop- en 3468 belydende lidmate wat tans deur twee leraars bedien word. Die gemeenskap sluit gevestigde woongebiede asook 'n groot aantal hoëdigheidsbhuisingseenhede met 'n toenemende multikulturele karakter in. Die gemeente het 'n passie vir die jeug wat in 'n aktiewe jeugbediening uitgeleef word. Die gemeente funksioneer baie sterk vanuit die eredienste met 'n fokus op lof en aanbidding.

Visie: Beleef liefde, groei in Christus en deel die goeie nuus.

Missie: Ons verheerlik God deur aanbidding, versorging, toerusting en uitreiking.

Waardes: Openheid, vertrouwe, leerbaarheid, deernis, diensbaarheid.

Persoonsprofiel

- 'n Passie vir die Here, Sy Koninkryk en kerk met spesifieke fokus op die jeug.
- Aanwending van sy/haar gawes om die huidige jeugbediening verder te begelei.
- Toepaslike kennis en vaardighede om die jeug te inspireer, te mobiliseer en toe te rus.
- Kreatiewe en innoverende denke.
- Vermoë om netwerke te vestig.
- Goeie interpersoonlike verhoudings.
- In leer en lewe 'n persoon van integriteit.

Werkprofiel

- Die heelhartige ondersteuning van die visie, missie en waardes van die gemeente.
- Verantwoordelikheid vir die totale jeugbediening van die gemeente (voorskools tot naskools).
- Dinamiese en aktuele prediking.
- Betrokkenheid by skole in die omgewing.
- Fokus op inkomprosesse (doop en belydenisaflegging asook nuwe intrekkers).
- Samewerking in spanverband.

Musikale vaardighede kan in die aansoeker se guns tel.

Vergoeding: Sinodale aanbeveling vir salaris en byvoordele sal as riglyn gebruik word. 'n Pastorie is beskikbaar.

Diensaanvaarding: 1 Desember 2018, of so spoedig moontlik daarna (onderhandelbaar)

Rig enige navrae aan:

Mnr Pieter Brand: 021 809 4465 (w); 082 577 7555 of die kerkkantoor by 021 919 9253, of per e-pos by register@larochelle.org.za

Aansoekproses:

 Rig onderstaande aan:

Die Voorsitter, Bediening vir Diensverhoudinge, Posbus 4001, Old Oak 7537, of stuur dit per e-pos aan pbr2103@gmail.com

- CV met die kontakligting van twee referente
- Aansoekvorm, verkrygbaar by: register@larochelle.org.za
- 'n Digitale opname van 'n onlangse preek.

Sluitingsdatum: Vrydag 17 Augustus 2018

Kandidate moet tot 'n onderhoud bereid wees, indien so versoek word. Indien u nie binne 14 dae na die sluitingsdatum terugvoer ontvang het nie, kan u aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Besoek gerus ons webtuiste by www.nglarochelle.co.za (nuwe webblad vanaf 20 Julie 2018 in werking, indien dit nog nie wil werk nie probeer vorige adres by www.larochelle.org.za)